**Deur President Thomas S. Monson**



# Profete om Ons te Lei

'n Paar jaar gelede, het ek in 'n kamer in die Salt Lake Tempel gesit waar die Eerste Presidentskap en die Kworum van die Twaalf Apostels eenmaal per week ontmoed. Ek het na die muur gestaar wat teenoor die plek is waar die Eerste Presidentskap sit, en het daar portrette gesien van elkeen van die presidente van die kerk.

Terwyl ek na hulle gestaar het, my voorgangers—vanaf die Prefeet Joseph Smith (1805-44) tot en met President Gordon B. Hinkley (1910-2008)—het ek gedink, "Ek is dankbaar vir die leiding van elkeen."

Hierdie is edel manne wat nooit gewankel het nie, nooit getwyfel het nie, en nooit misluk het nie. Hierdie is manne van God. Soos wat ek aan hedendaagse profete dink wat ek geken het, ek hulle lewens herroep, hul karaktertrekke, en hul geïnspireerde leerstellings.

President Heber J. Grant (1856–1945) was die President van die Kerk toe ek gebore was. Soos wat ek nagedink het oor sy lewe glo ek 'n karakter eienskap wat hy altyd getoon het was dié van volharding—volharding van alles wat goed en edel is.

President George Albert Smith (1870–1951) was die President van die Kerk toe ek as biskop van my wyk in Salt Lake City gedien het. Hy het opgemerk dat daar 'n groot tou-trek is wat tussen die Here en die duiwel bestaan. "As jy aan die Here se kant van die lyn bly," het hy geleer, "sal jy onder sy invloed wees en sal jy geen begeerte toon om kwaad te doen nie."[1]

Ek was geroep om as 'n lid van die Kworum van die Twaalf Apostels te dien in 1963 deur President David O. McKay (1873–1970). Deur sy leefwyse het hy bedagsaamheid teenoor ander geleer. "Ware Christenskap," het hy gesê, "is liefde in aksie."[2]

President Joseph Fielding Smith (1876–1972), een van die Kerk se aktiefste skrywers, het geleerdheid as 'n gids in sy lewe gehad. Hy het die skrifture onophoudelik gelees en was so bekend met die leerstellings en evangeliese beginsels wat daarin bevat word soos niemand anders wat ek geken het nie.

President Harold B. Lee (1899–1973) het as my pen president gedien toe ek 'n seuntjie was. Een van sy gunsteling aanhalings was "Staan julle dus in heilige plekke en moet nie wankel nie."[3] Hy het die heiliges aangemoedig om ingeskakel te wees tot, en te reageer op die vleisteringe van die Heilige Gees.

Ek glo dat 'n leidende beginsel in die lewe van President Spencer W. Kimball (1895–1985) toewyding moet wees. Hy was heeltemal, en onvergelykbaar toegewy aan die Here. Hy was ook toegewy aan sy lewe van die evangelie.

Toe President Ezra Taft Benson (1899–1994) die President van die Kerk geword het, het hy my geroep om as sy Tweede Kanselier in die Eerste Presidentskap te dien. Liefde was sy leidende begunsel, wat hy verpersoonlik het in sy gunsteling aanhaling, wat deur die Verlosser geuiter

was: "watter soort manne behoort julle te wees? Voorwaar, Ek sê aan julle, net soos Ek is."[4]

President Howard W. Hunter (1907–95) was een wat altyd vir die beste in ander gesoek het. Hy was altyd beleefd; en was altyd nederig. Dit was my voorreg om as sy Tweede Kanselier te dien.

President Gordon B. Hinckley het ons geleer om altyd ons beste te doen. Hy het kragtig getuig aangaande die Verlosser en Sy sending. Hy het ons met liefde geleer. Om as sy Eerste Kanselier te dien was vir my beide 'n eer en 'n seëning.

Die Verlosser stuur profete omdat Hy lief is vir ons. Gedurende die Oktober algemene konverensie, sal Algemene Gesaghebbendes weereens die voorreg hê om Sy woord met ons te deel. Ons nader hierdie verantwoordelikheid met groot plegtigheid en nederigheid.

Ons is so geseënd dat die herstelde Kerk van Jesus Christus op die aarde is en dat die Kerk gebou is op die vondasie van openbaring. Aanhoudende openbaring is die lewensbloed van die evangelie van Jesus Christus.

Mag ons voorberei om die persoonlike openbaring te ontvang wat in oorvloed tydens algemene konferensie kom. Mag ons harte met diepe vasberadenheid gevul word soos ons ons hande oplig om die lewende profete en apostels te ondersteun. Mag ons verlig, opgelig, vertroos, en sterk gemaak word terwyl ons na hulle boodskappe luister. En mag ons gereed wees om onsself weereens aan die Here Jesus Christus—Sy evangelie en Sy werk—te verbind, en om met hernude voorneme om Sy gebooie te onderhou en Sy wil na te kom.

**NOTAS**

1. *Leringe van die Presidente van die Kerk: Joseph F. Smith*(2011), 191.
2. *Leerstellinge van die Presidente van die Kerk: David O. Mckay* (2003), 181.
3. Leer en Verbonde 87:8.
4. 3 Nefi 27:27.

### ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP

President Monson het kragtige lesse gedeel wat hy geleer het vanaf die profete wat hom vooraf gegaan het. Hy het ons ook herhinner dat "Die Verlosser profete stuur omdat Hy lief is vir ons." Terwyl jy diegene leer wat jy bedien, kan jy dalk bespreuk hoe profete en apostels tekens is van God se liefde teenoor ons. Dink daaraan om leerstellinge uit een van President Monson se vorige toesprake met hulle te deel. Nooi diegene wat jy onderig om voor te bery vir algemene konverensie deur weer toesprake deur te gaan wat hulle spesefiek geïnspireer het en die liefde van ons Verlosser laat voel het.

## JEUG

### Ons Dank U, O God, vir 'n Profeet

Hoe het ons profeet, President Thomas S. Monson, jou al beïnvloed? Wat sal jy die meeste aangaande hom onthou? Oorweeg dit om in jou joernaal aangaande President Monson en sy lewe te skryf—baie soos wat hy beskryf het in sy boodskap aangaande die invloed van elke profeet soos wat *hy* onthou het.

Jy kan dalk oorweeg om jou gunsteling aanhaling van hom te kies, en dit neer te skryf en plaas waar jy dit gereeld sal sien, soos vooraan 'n skool leër of 'n nota in jou kamer. Jy kan dit selfs in 'n prentjie aanhaling omskep en dit as jou foon se agtergrond gebruik! Elke keer wat jy die aanhaling sien, kan jy nadink oor die belangrikheid van lewende profete en onthou dat hy hier is om ons vandag lief te hê en te lei.

**Jy kan die musiek aflaai tot "We Thank Thee, O God, for a Prophet" by lds.org/go/9176.**

## KINDERS

### Profete Lei Ons Na Christus

Die Verlosser stuur profete omdat Hy ons lief het. Deur profete te volg help dit ons om die regte te kies. Wat is twee goed wat jy kan doen om die profeet te volg?

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17.
Vertaling van die *First Presidency Message, September 2017*. Afrikaans. 97929 501

# Een van Hart

Geloof Familie Verligting

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om inspirasie om te weet wat om te deel. Hoe sal ŉ begrip van die doel van die Verligtingsvereniging dogters van God help om voor te berei vir die seëninge van die ewige lewe?*

"En die Here het sy volk SION genoem, omdat hulle een van hart was en een van sin en in opregtheid geleef het; en daar was geen armes onder hulle nie" (Moses 7:18). Hoe kan ons een word?

Ouderling M. Russell Ballard van die Kworum van die Twaalf Apostels het gesê: "In die hart van die Engelse woord *atonement* is die woord *een.* As die mensdom dit verstaan, sal daar nooit weer enige iemand wees waaroor ons nie besorg sou wees nie, nieteenstaande hulle ouderdom, ras, geslag, of sosiale of ekonomiese status. Ons sal strewe om die Verlosser na te aap en sal nooit weer onvriendelik, onpartydig, oneerbiedig of onsensitief wees teenoor ander nie."[1]

President Henry B. Eyring, Eerste Kanselier in die Eerste Presidentskap, het geleer: "Waar mense die Gees met hulle het, mag hulle eenheid ervaar. . . . Die Gees van God veroorsaak nooit tweespalt nie (sien 3 Nefi 11:29). . . ."Dit lei tot persoonlike vrede en ŉ gevoel van eenheid teenoor andere."[2]

Pratend aangaande familie uitdagings, het Carole M. Stephens, wat as Eerste Kanselier in die Verligtings Vereeninging Algemene Presidentskap gedien het, gesê: "Ek hoef nog nooit deur ŉ egskeiding te gaan nie, die pyn en onsekerheid wat gepaard gaan met verlatenheid, of die verantwoordelikheid wat gepaard gaan om ŉ enkel moeder te wees nie. Ek het nog nooit die dood van ŉ kind, onvrugbaarheid, of selfde geslag-aantrekking ervaar nie. Ek hoef nog nooit mishandeling, kroniese siekte, of verslawing ervaar het nie. Hierdie was nie my groei geleenthede nie.

". . . Maar deur *my* persoonlike toetse en beproewing . . . het ek goed bekend geraak met die Een wat dit wel verstaan . . .En boonop, het ek al die aardse toetse wat ek nou net opgenoem het, ervaar deur die lens van ŉ dogter, moeder, ouma, sister, tannie, en vriend.

"Ons geleentheid as verbondshoudende dogters van God is nie net om deur ons eie ervaringe te leer nie; maar dit is om te vereenig in meëgevoel en medelyde soos wat ons ander lede van die familie van God ondersteun tydens hulle worstelinge."[3]

### *Bykomende Skrifture en Inligting*

Johannes 17:20–23; Efesiërs 4:15; Mosia 18:21–22; 4 Nefi 1:15; *reliefsociety.lds.org*

**NOTAS**

1. M Russell Ballard, "The Atonement and the Value of One Soul," *Liahona,* Mei 2004, 86.
2. Henry B. Eyring, "That We May Be One," *Ensign,* Mei 1998, 67.
3. Carole M. Stephens, "The Family Is of God,"*Liahona*Mei 2015, 11.

### *Ter Oorweging*

Hoe help eenigheid onder mekaar ons om een te wees met God?

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, September 2017.* Afrikaans. 97929 501